SANDVELDDROOGTE

Musiek: Marie Tredoux
Teks: Marie Tredoux

Hoeners voor die agterdeur
En Ouma op die trap
En kaalstert-kleingoed trap ’n riel
Om oompie Mank Flip Flap
Ma was gou die broodvanggoed
En skiet die water uit
Die hanslam en die mak makou
Kom snuiwe daar en snuit
    En die droogte dans sy dwarreldans
    Oor klipbank en oor sloot
    Die bokooi het vannag gelam
    Maar die tweelinkie is dood
    Ag, basta om my ore neul
    Ek dag jul’s lankal groot
    Vanaand kry iedereen maar weer
    ’n beker gaat en brood

Hoeners voor die agterdeur
En Ouma op die trap
Betjie het sy rok geskeur
En Ouma gee ’n klap
Skei uit met snot en trane kjint
Wat bly jul tog so dom
Dis tyd lat jul nou leer waar gjelt
En klere venaan kom
    Want die droogte dans sy dwarreldans
    Oor klipbank en oor sloot
    Die jêmblik is al lankal leeg
    Hier’s varkvet vir die brood
    Die suiker moet tot Sondag hou
    Ek neuk jul by die pot
    Jul kan koesnaatjiestengels kou
    Wat’s jul so soetversot?

Hoeners voor die agterdeur
En Ouma op die trap
En kaalstert-kleingoed trap ’n riel
Om Oompie Mank Flip Flap